

ONS HET MEKAAR NODIG

Prediker 4:9-12


Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie. As twee langs mekaar slaap, word hulle warm, maar hoe sal een wat alleen is, warm word?

Die Prediker se beeld van twee wat langs mekaar slaap, is sekerlik nie 'n Klein Karoo somerbeeld nie! Dit is egter in ons winters beslis waar. Hoe dit ookal sy weersgewys, die teks kondig 'n belangrike tema aan: ons het mekaar nodig! In winter en somer, en dalk baie beslis in hierdie dae wat ons tans in onse wêreld beleef.

Dit het ek eendag agtergekom toe ek binne-in ons "geiser" ingekyk het. By 'n ander huis as ons huidige een. By voorbaat verskoning vir die taalgebruik in die res van hierdie storie: nie oor die tale wat ek geuiter het met die inkyk nie, maar vanweë die onvertaalbare tegniese aspekte van die verloop daarvan.

Die krag het die heelyd uitgeskop; en by wyse van eliminasië bly dit toe die "huishoudelike waterverwarmingstoestel" te wees, met ander woorde, die "geiser". My huismense wil dadelik 'n loodgieter skakel, maar my vriend Johann Gelant, die dorp se handige man, is gebel. Sy vrou sê: "Johann is siek, hy het bosluiskoors. Maar praat met hom". Na 'n klompie vrae is Johann se bevinding: dis die "element". Dit moet vervang word. "Dankie, Johann".

Ek gaan staan by die "geiser" met die volgende "gegoogle"-de diagram in my hande:



Ter wille van die opname die volgende beskrywing: die ding is 'n lang silindriese tenk op 'n plat plaat, met 'n klomp pype en verbindings aan. Daar is 'n "vacuum breaker", 'n "pressure control valve", 'n "expansion drain" pyp, 'n elektriese koppeling, 'n "safety valve", en nog allerhande ander pype, onder andere sekere ook die een wat die warm water in die huis in vat, en een wat die koue water inbring. Nou waar is die "element"? Net toe ek wou moed opgee en 'n loodgieter bel, kom 'n bakkie die werf opgery. Dis Johann! Hy kan skaars loop, maar met sy kisse gereedskap byderhand beduie hy watter skroewe en moere losgedraai moet word: en veral watter elektriese drade losgemaak moet word. Dit klink alles sommer glashelder. "Jammer ek kan jou nie verder help nie, maar ek voel baie siek en gaan nou dokter toe. Gebruik my gereedskap: ek is seker jy sal regkom". Dit was nege-uur in die oggend. Dit sou 'n lang dag word, omdat ek vol bravado besluit het: ek het niemand nodig nie; dis 'n eenvoudige ou takie.

Op een punt het ek amper alles laat vaar: dis toe die "element" uiteindelik uit is, en ek binne in die "geiser" inkyk! Die binnekant van 'n "geiser" is 'n vreeslike plek! Dis 'n half geroeste drom vol allerhande vuilgoed, waterafsaksels, 'n donker diep plek; maar ek het vasgebyt, dorp toe gery, 'n "element" gaan koop by Penny Pinchers. Cliffie agter die toonbank vra: "wil jy 'n gasket hê?" " 'n wat? Gee maar". "En 'n flange?" " 'n wat? Gee maar" "...en 'n anode?" "Jong, gee alles wat jy dink ek gaan nodig kry". Hy gee my ook 'n loodgieter se selfoonnommer!

Gewapen met 'n sak vol huishoudelike waterverwarmingstoestel-onderdele, takel ek hom; en alles loop mooi....tot ek die "gasket" en die "flange" en die "element" aanmekaar het en probeer om die boutjie wat die "earth" kabel vashou te probeer inkry. Die gaatjie is te klein! "Bel 'n loodgieter", sê my huismense; maar ek vat 'n kans en bel vir Johann. Hy sit in die dokter se spreekkamer. "Jong, jy't die verkeerde flange gekoop; maar gebruik net die ou een, hy makeer niks". "En hoe kry ek die anode uit, en die nuwe een in?" "Jong, jou anode makeer ook niks, los hom in vrede". Uiteindelik is die "element" in. Nou die kragdrade koppel. Nou: is rooi positief of negatief? En wat is swart? "Bel 'n loodgieter", sê my huismense; maar ek bel vir Johann. Hy sê: "rooi is neutral en swart is live". "Maar Johann, in hierdie "geiser" is nie 'n live of 'n neutral nie, hier is net positief en negatief merkies". Na Johann se grafiese gekruide verduideliking is die drade gekoppel. Nou die krane oopdraai...die water spuit bo uit by 'n pyp. "Bel 'n loodgieter", sê my huismense. Ek bel vir Johann. "Jy het die "return valve" oopgedraai". Reggestel. Die water loop in...hoe lank voor 'n 200 liter huishoudelike waterverwarmingstoestel vol genoeg is dat ek die krag kan aanskakel? Om 'n lang storie kort te maak, die "geiser" werk nou. Ek is nogal trots op daardie 11 ure se werk; maar beslis baie meer trots op my vriend Johann Gelant, en sy geduld en kennis. Ek het hom nodig, mag hy gou gesond word! En so terloops, ek het 'n ongebruikte "flange" en "anode" te koop vir enigiemand wat belangstel. Goedkoop! Ons het mekaar nodig!

Op 'n hele klomp plekke in die Bybel word hierdie waarheid, hierdie wysheid, dat ons mekaar nodig het beklemtoon. Prediker is maar een voorbeeld. Ou Israel se geskiedenis, en Jesus se leringe aan sy dissipels en gebed vir sy dissipels beklemtoon dit. "Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos ons een kan wees". (Joh. 17:11). Paulus in 1 Kor 2: "Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos hy dit wou hê. As almal saam net een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees.... Die oog kan nie vir die hand sê: "Ek het jou nie nodig nie". Die kop kan weer nie vir die voete sê: "Ek het julle nie nodig nie". Julle is die liggaam van Christus en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan".

Hierdie waarheid, wysheid of waarde van ons onderlinge eenheid is al uitvoerig verduidelik in terme van kerkwees of gemeentewees of as onderbou van die Christelike gemeenskap. Die vraag wat ons egter vanoggend oor nadink, is of dit 'n universele waarde is. Met ander woorde: het ons mekaar nodig ook al verskil ons totaal van mekaar in ons oortuigings, tradisies en kulture? Of kan ons eenvoudig as individue, op ons eie, regkom en suksesvol leef? En indien nie, hoekom nie?

Wel, volgens Jurgen Moltmann in sy "Ethics of Hope", eenvoudig omdat ons nie te vertrou is as individue nie! Hy illustreer dit deur daarop te wys dat ons met 'n eensydige prentjie van God onself as magtig en kragtig genoeg beskou. God is mos die Almagtige, en as ek Beeld van God geskape is, dan kan ek ook mos Magtig, indien nie Almagtig nie, wees! Dis eintlik my roeping. En so ontwikkel 'n grenslose wil om te heers, om te domineer, om die sterkste te wees... om mag te bekom is die groot dryfveer van Westerse individue...dis ons samelewing se fundamentele waarde.

Maar kyk net watter gemors maak ons as magtige individue en magtige nasies van ons wereld! Ekologies, polities, ekonomies, oorlog op oorlog, armoede op armoede, afgebrande en uitgekapte reentwoude, eilande van tonne en tonne plastiek in die see, totale onbelang in andere se gesondheidstoestand.

Moltmann beklemtoon dat in 'n samelewing gerig op die mag van die individu, mense absoluut blootgestel is vir manipulasie...die eeue oue spreuk geld: "Divide et impera", verdeel en heers.

Vat my geiserprojek as 'n voorbeeld! As ek 'n loodgieter gebel het, dan het hy my eenvoudig 'n rekening vir reiskoste en arbeid en onderdele gegee wat ek gedweë sou betaal het! Loodgieters is magtige mense! Maar daar is 'n alternatief: die hulp en deernis van 'n vriend. Soos Johann. Nie dat mens nie soms kundige hulp en deskundige bystand nodig het nie! Egter: dis eintlik die groot kenmerk van ons lewens. Ons het die kuns van lewe afgeleer! Ons het belangrike vermoëns, "skills" om te kan oorleef, afgeleer. En nou het ons mekaar nodig! Hoe het dit gebeur?

Die wetenskappe van die antropologie en paleontologie beduie dit baie mooi. Dis nou die vakke van homo naledi en homo erectus en homo sapiens en so. Omdat mense soms ongemaklik voel met hierdie teorieë van die mens se ewolusionêre ontwikkeling, kom ons praat dan maar van Adam en Eva.

Eers was Adam alleen. En hy moes alles in die tuin self doen. So hy het al die vaardighede ontwikkel om aan die lewe te kon bly. Vuurmaak, kos produseer, wapens vervaardig, spoorsny...alles wat nodig was om in die tuin van Eden te oorleef. Toe raak hy eensaam en God gee vir hom 'n vrou: Eva. Nou skielik doen sy helfte van die dinge wat hy altyd gedoen het. Toe hulle uit die tuin weggejaag word, kom daar kinders, en kleinkinders, en naderhand is daar 'n hele gemeenskap van mense...en elke individu in die gemeenskap hoef nou minder en minder self te doen. Daar is mos iemand wat kan vuurmaak. Ons moet net in 'n goeie verhouding wees met Esau...dan maak hy vir ons vuur. Naderhand word my gawes en talente omgeruil vir iemand anders se gawes en talente: "Esau, as jy vir ons vuurmaak, dan sal Ouma Eva vir jou 'n bord lensiesop kook".... En so ontleer die mens sy oorspronklike basiese vernufte en vermoëns.

Ek weet dis baie platvloers en eenvoudig gestel, maar dis eenvoudig waar ons as mense onself vandag bevind. As individue kan ons eenvoudig nie self regkom nie; ons is lankal nie meer Adam nie.

So ruil ons dan, so koop ons dan, ander se vernufte in ruil vir iets wat ons het of kan doen. En dis 'n basiese eenvoudige feit van ons wat mense is se aardse bestaan: ons het mekaar nodig.

Dis hoekom Jurgen Moltmann, en Prediker, en Jesus, en Paulus dit so beklemtoon dat ons heil en hoop te vinde is in ons onderlinge gemeenskap. Moltmann skryf: "In a community determined by solidarity, all its members become rich in relationships, in brothers and sisters, friends and neighbours, comrades and colleagues, rich in trust." Die kwalitatiewe voorwaarde vir 'n hoopvolle en geseënde vol lewe, is onderlinge vertroue, onderlinge gemeenskap. Ons ware rykdom lê in ons onderlinge verhoudinge, ons solidariteit as aardbewoners, dat ons broers en susters, kamerade en kollegas kan wees en hê. Om daar te wees vir mekaar. Om jou idees, vermoëns, talente en vernuf beskikbaar te maak vir almal om jou.

Wat mens bring by wat ons baie nodig het: Jesus se gebed: dat ons 'n eenheid met mekaar sal belewe omdat dit eenvoudig is hoe God ons lewens ingerig het... ons het mekaar nodig.

Ons beleef tans in 2020 hoedat magtige politieke, ekonomiese en kulturele sisteme eenvoudig in duie stort voor die uitwerking van 'n klein klein goggatjie (as mens 'n virus 'n goggatjie kan noem). Dit is dramaties en insiggewend hoedat ons wat mensdom is agterkom daar is baie belangriker waardes as die waardes wat tot ons onderlinge verskille en verskeidenheid bydra en bygedra het.

Ons elkeen het waarskynlik al die woorde gebruik: "Onthou, ek is daar vir jou. Onthou, jy hoef maar net te vra, ek staan reg vir jou." Was dit regtig die waarheid? Of het ons heimlik solank die faktuur, die rekening, opgestel vir ingeval iemand wel van ons iets vra?

As ons regtig glo dat ons na die beeld van God geskape is, dan sal ons uit die voorbeeld van Jesus Christus agterkom en weet: die lewe se sin bestaan in die uitleef van die deernis, die omgee, die dankbaarheid wat God deur sy Gees in ons harte en lewens uitbeeld; die solidariteit van menswees voor die genade van die Almagtige, die saamloop met elke ander wese met wie ons enigsins onself in 'n verbintenis bevind.

Ons het mekaar nodig.

Ons het Jesus Christus se deernis nodig, vir mekaar.

https://www.youtube.com/watch?v=D0lo_HlhlE

https://www.youtube.com/watch?v=SI2hhV1Nz_E

Dr. Philip Venter

17 Mei 2020